
# Dit gaan alles oor Jesus (3)



**2022-04-15**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

**Die kruis staan sentraal (in die middel)**



## Die bloed van Abel

**Gen 4:1** En die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE.
Gen 4:2 Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar. En Abel het 'n skaapherder geword, en Kain 'n landbouer.
Gen 4:3 En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE 'n offer gebring.
Gen 4:4 En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien,
Gen 4:5 maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang.
Gen 4:6 En die HERE sê vir Kain: Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang?
Gen 4:7 Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers.
Gen 4:8 En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.
Gen 4:9 Toe sê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?
Gen 4:10 En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.
Gen 4:11 Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang.

## Bloed het 'n stem

Gen 4:10 En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.

- Die stem van die bloed van jou broer
- Abel se bloed het na God geroep vir vergelding, om sy dood te wreek
- God is die Eienaar van alle lewe



- Abel se bloed het van goeie dinge gespreek
  - Heb 11:4 Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

## Christus se bloed roep na God die Vader

**Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.**

- Jesus Christus se bloed praat van vergifnis.
- Sy bloed praat en roep namens sondaars
- Sy bloed pleit by God vir ons vergifnis

Nuwe verbond

- **Dit is nou 'n nuwe dispensasie – die bloed roep nie meer vergelding nie**
- **Christus is die middelaar (Hy staan tussen ons en God)**
- **Die besprenkeling van Sy bloed as deel van die nuwe verbond**

**Heb 12:24 and to Jesus, the Mediator of a new covenant (uniting God and man), and to the sprinkled blood, which speaks (of mercy), a better and nobler and more gracious message than the blood of Abel (which cried out for vengeance) - Amp**

## Christus se bloed roep na God die Vader

Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.





## Christus se bloed as offer

**Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.**

- Daar is lewe in bloed
- Besprenkeling verwys na die bloed wat in 'n offer gestort is.
- Offer – lewe van 'n onskuldige dier was gegee in plek van die skuldige
- Om lewe te gee, moes daar bloed gegee word
- Die besprenkeling van Sy bloed as deel van die nuwe verbond

- Jesus is die ewige Lam geslag vir ons, wie se bloed oor ons gesprinkel is
- Dit is die kern van die Paasboodskap
- Die begin van die Nuwe Testament (die nuwe verbond)
- Sy bloed spreek – dit praat beter dinge!!

## Bloed praat (gee inligting)

- Bloed gee inligting aan 'n dokter – laat bloed trek
- Vertel 'n storie (praat).
- Baie ander gebruike



## Die siel (lewe) is in die bloed

Lev 17:11  Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

- Siel verwys ook na lewe
- Daar is geen plaasvervanger vir bloed nie.
- ‘n Lewe vir ‘n lewe
- Sondaar moes sterf = daarom moes die offerdier sterf

**Lev 17:11 For the life of the flesh is in the blood, and I have given it to you on the altar to make atonement for your souls; for it is the blood that makes atonement, by reason of the life (which it represents)  - Amp**

## Die bloed praat met ons as gelowiges (reiniging)

Heb 9:13  Want as die bloed van stiere en bokke en die as van ‘n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,
Heb 9:14  hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.
Heb 9:22  En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

- 1Jn 1:7  Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

  - Eff 2:13  Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.

## Die bloed van Jesus spreek die duiwel aan

Heb 11:28  Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.



Die bloed van die lam in Egipte vs die bloed van die Lam in die Nuwe Testament



Openb 12:11  En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

**Daar is lewe in die bloed van die Lam**

## Die bloed van Jesus spreek ook tot die ongelowige

**Jes 1:18  Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.**





## Wat sê die bloed van Jesus vir jou persoonlik?

Mat 26:27 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.
Mat 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.



Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

## Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp of Telegram: 082 462 1282

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible;

https://www.gospelimages.com/

